# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***

***SAAK NO.CA&R 133/2000:***

***DATUM:24-4-2001***

In die saak tussen:

SUECLARE ENTERPRISES (EDMS) BEPERK h/a CRESCENT MOTORS — Appellant

en

DINKWETSE JANE MOKHERA — Respondent

**CORAM:** VAN DER WALT R et MAJIEDT R:

---

## U I T S P R A A K

---

**MAJIEDT R:**

1. Die Appellant, ‘n motorhandelaar, kom in hoër beroep teen ‘n bevel verleen in die landdroshof teen die Appellant, wat die Verweerder *a quo* was, ingevolge waarvan die bedrag van R56 000.00 plus rente teen 15% p.a aan Respondent (wat die Eiser

*a quo* was) betaal moet word.

2. Die Respondent se eis is ten aansien van die koopprys van 'n wit Toyota Venture 2.2 motorvoertuig met registrasienommer SZY 057T (hierin verder na verwys as *"die voertuig"*) wat Appellant aan die Respondent verkoop het op 11 Oktober 1996.

3. Op 20 Januarie 1998 het lede van die SA Polisiediens se Motorvoertuig diefstaleenheid beslag gelê op die voertuig (toé natuurlik in die Respondent se besit) uit hoofde van die bevoegdhede verleen in artikel 20 van die Strafproseswet, 51 van 1977.

4. By die aanvang van die verhoor voor die landdros het die partye (baie wyslik en sinvol moet dit dadelik vermeld word), ooreengekom dat die geskilpunte wat bereg moet word deur die landdros die volgende is: -

   4.1 Het die polisie regmatiglik beslag gelê op die voertuig 20 Januarie 1998; en

   4.2 Is die volgehoue beslaglegging daarvan regmatig en dus regtens geoorloofd.

5. Word beide dié vrae bevestigend beantwoord, moes die Respondent slaag in sy eis en omgekeerd;daaroor was die partye dit eens. Die Respondent het die getuienis van ene Botes, voorheen ‘n polisieman verbonde aan die SAPD se motorvoertuigdiefstal eenheid te Kaapstad en ten tyde van getuienislewering werksaam in die versekeringsbedryf en Kaptein Verster, hoof van die SAPD se motorvoertuig diefstaleenheid te Kimberley, aangebied. Die Appellant het sy saak gesluit sonder om enige getuienis aan te bied. Die landdros het hierdie onweerspreekte getuienis aanvaar, aangesien hy beide getuies se getuienis as geloofwaardig bevind het. Ek is tevrede dat daar geen basis hoegenaamd bestaan om die landdros se voormelde bevinding aan te veg nie. Mnr. Schreuder, wat voor ons, soos ook *a quo,* vir die Appellant verskyn, het op onoortuigende wyse, ‘n submissie in sy betoogshoofde gemaak dat dié twee getuies nie goeie getuies was nie. Ek sal later pertinent handel met hierdie submissie, maar kan noual reeds opgemerk word dat daar geen meriete hoegenaamd in só ‘n submissie is nie.

6. Op die voormelde basis dus, kan die agtergrondfeite soos dit blyk uit die twee getuies se getuienis bondig as volg opgesom word: -

6.1 Gedurende April 1996 het ene Ntswane, wat beweer het

dat hy die eienaar van die voertuig was, in Soweto ‘n klagte gelê dat dit gesteel is en het sekere enjin-en onderstelnommers van die voertuig aan die polisie verskaf.

6.2 Ongeveer ‘n week later is die voertuig teruggevind deur die polisie – op daardie stadium het die voertuig nie onderstel- en enjinnommers gehad nie, aangesien dit verwyder (d.w.s. afgeskuur of afgevyl) was.

6.3 Ntswane het die voertuig by die SAPD te Soweto uitgeken as sy eiendom en is wat bekend staan as SAP Fin nommers aan die voertuig geallokeer deur die SAPD; hierdie nommers word gewoonlik deur die SAPD toegeken aan ‘n (voorheen gesteelde) voertuig waarvan die enjin – en onderstelnommers verwyder is, ten einde die voertuig terug te plaas in die algemene handelsverkeer.

6.4 Gedurende 1996 en 1997 het die polisie bewus geword van ‘n landwye *modus operandi* waarvolgens hierdie sogenaamde SAP Fin nommers op bedrieglike wyse aangewend was deur motordiewe om die indentifikasie van gesteelde voertuie te verbloem en sulke gesteelde voertuie weer in die algemene handelsverkeer

teruggeplaas te kry, synde voertuie wat op oënskynlike regmatige wyse in die oënskynlike eienaar se naam geregistreer word.

6.5 Voortspruitend uit wydlopende ondersoeke, waarby ongeveer 250 motorvoertuie betrokke is, na hierdie suspisieuse *modus operandi,* het die getuie Botes op die spoor van die voertuig *in casu* beland – uit sy ondersoeke het dit geblyk dat die onderstel – en enjinnommers wat Ntswane destyds aan die polisie in Soweto verskaf het toe hy die voertuig gedurende April 1996 as gesteel aangemeld het, inderwaarheid valse nommers was en nie bestaan het nie. Ook die registrasiedokumente waarop dié nommers verskyn het was dus vals.

6.6 Die aangeleentheid is na die Kimberley eenheid van Kaptein Verster oorgeplaas – hy was dan ook die ondersoekbeampte in die saak.

6.7 Verster het later uit sy verdere ondersoeke vasgestel dat Ntswane ook ‘n vals woonadres aan die polisie verskaf het toe hy die voertuig as gesteel aangemeld het.

6.8 Die saakdossier en die ondersoek is intussen oorgeplaas

na ‘n spesiale taakspan te Soweto, wat op gekoördineerde wyse al hierdie sake vanaf hierdie sentrale punt ondersoek.

7. Wat betref die eerste geskilpunt waarna ek hierbo verwys het, aanbetref, is die bepalings vervat in artikel 20 van die Strafproseswet, van kardinale belang.
Dié artikel lees as volg: -

> “20 Die staat kan, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk, op enigiets (in hierdie Hoofstuk ‘n voorwerp genoem) beslag lê –
>
> *a) wat betrokke is by of op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van ‘n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders;*
>
> b) …………………………
>
> c) …………………………”

8. Dit staan vas dat, indien daar ‘n redelike verdenking bestaan dat die voertuig wel gesteel is, die polisie geregtig was om uit hoofde van artikel 20 se bepalings, op die voertuig beslag te lê. Die partye het dan ook tydens die verhoor en by hierdie appél die aangeleentheid uit hierdie hoek benader.

9. Die Appellant het grootliks sy aanval op die landdros se uitspraak gerig op die tweede geskilpunt, d.w.s. die volgehoue

beslaglegging op die voertuig.

Dit is egter nodig om redelik volledig met die eerste geskilpunt ook te handel.

10. Die respondent se eis is geformuleer:-

10.1 op die basis van die waarborg teen uitwinning; en

10.2 in die alternatief, op ‘n opsetlike alternatiewelik nalatige wanvoorstelling gemaak deur die Appellant aan die Respondent tot die effek dat die Appellant regtens bevoeg was om die voertuig te verkoop.

Tydens die verhoor het die alternatiewe eis *(supra)* beswaarlik ter sprake gekom en is die saak in Respondent se guns beslis op grond van sy eisoorsaak van die waarborg teen uitwinning. Dit is derhalwe slegs nodig om hierdie eisoorsaak te oorweeg in hierdie uitspraak.

11. Dit staan vas in ons reg dat ‘n koper wel uitgewin word wanneer beslaglegging op die koopsaak ingevolge artikel 20 geskied en dit blyk dat die koopsaak nie aan die koper terugbesorg sal word nie;

Sien: ***Vrystaat Motors v Henry Blignault (Edms) Bpk*** 1996(2) SA 448 (A) te 459 A-B.

12. Die Respondent moes uiteraard op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys dat die Staat (die polisie) geregtig was om op die voertuig beslag te lê deurdat die jurisdiksionele feite vervat in artikel 20 wel bestaan het;
Sien: ***Minister van Wet en Orde v Datnis Motors*** 1989(1) SA 926(A) te 934 G; 935F.

13. Ek is die mening toegedaan dat die Respondent wel hom van hierdie bewyslas gekwyt het. Die waarskynlikhede is na my mening oorweldigend dat die voertuig 'n gesteelde voertuig is, omrede :

13.1 Die voertuig se enjin-en onderstelnommers was verwyder (afgeskuur of afgevyl) reeds in 1996 al toe Ntswane dit as gesteel aangemeld het – soos die getuienis aandui, ontstaan die vermoede alreeds dat dit 'n gesteelde voertuig is; en

13.2 Die nommers van die enjin en onderstel van die voertuig soos dit op die registrasiedokument verskyn wat Ntswane destyds voorgelê het aan die polisie, is vals en bestaan daar volgens Toyota Suid-Afrika inderdaad nie só 'n voertuig nie; en

13.3 Ntswane het ‘n vals woonadres verskaf aan die polisie toe hy destyds die *“diefstal”* van die voertuig gerapporteer het; en

13.4 Hierdie is ‘n *modus operandi* wat redelik algemeen voorgekom het – daar is ongeveer 250 sulke gevalle landwyd bekend aan die polisie; 14 van hierdie gevallle is Kimberley – sake; en

13.5 Uit hoofde van die voorafgaande is die afleiding geregverdig dat Ntswane heel waarskynlik op slinkse wyse die SAP Fin nommer bekom het om die voertuig *“regmatiglik”* terug in die handelsverkeer te plaas en die feit dat dit inderwaarheid ‘n gesteelde voertuig is, te verbloem.

14. Vervolgens ontstaan die vraag: is die volgehoue beslaglegging op die voertuig deur die polisie regmatig? Artikel 31(1)(a) en (b) van die Strafproseswet wat hier van belang is, lees as volg:

> *“31(1)(a)Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met ‘n artikel 30(c) bedoelde voorwerp nie of indien dit blyk dat so ‘n voorwerp nie by die verhoor vir die doeleindes van ‘n hofbevel nodig is nie, word die voorwerp teruggegee aan die persoon van wie dit in*

*beslag geneem is, indien so ‘n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit, of, indien so ‘n persoon daardie voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit.*

*b) Indien niemand so ‘n voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die polisiebeampte belas met die ondersoek nie weet van iemand wat so ‘n voorwerp wettiglik mag besit nie, word die voorwerp aan die Staat verbeur.”*

15. Dit blyk uit die getuienis van Kaptein Verster dat die ondersoek steeds aan die gang is en dat ‘n strafregtelike vervolging moontlik nog mag volg. Mnr. Schreuder het veral gesteun op twee aspekte vir sy submissie dat die volgehoue beslaglegging nie regmatig is nie, te wete: -

15.1 dat geen nuwe feite aan die lig gekom het sedert die aanvanklike teruggawe van die voertuig aan Ntswane wat die aanvaklike beslaglegging, volgehoue beslaglegging en die instel van ‘n strafregtelike vervolging regverdig nie; en;

15.2 dat vanweë die tydsverloop dit onbillik en onredelik is van Staatsweë om die voertuig steeds onder beslaglegging te

hou.

16. Ek het alreeds aangedui waarom ek meen die waarskynlikhede oorweldigend is dat 'n afleiding geregverdig kan word dat die voertuig wel gesteel is. Verder is mnr. Schreuder nie korrek dat geen nuwe feite aan die lig gekom het sedert April 1996 nie – dit blyk tog duidelik uit die getuienis dat die polisie eers hierná vasgestel het dat: -

a) Ntswane 'n registrasiedokument verskaf het wat valse enjin – en onderstelnommers bevat het, en
b) Hy ook 'n vals woonadres verskaf het.

Die polisie het ook eers ná April 1996 bewus geword van hierdie slinkse werkswyse wat vry algemeen voorgekom het, veral in die Soweto area, waarvolgens SAP Fin nommers op bedrieglike wyse bekom word.

17. Die moontlikhede van 'n vervolging van Staatsweë kan nie uitgesluit word nie. Die ondersoek duur weliswaar lank, maar is dit heeltemal te verstane, inaggenome die volgende feite: -

17.1 daar is ongeveer 250 soortgelyke sake wat ondersoek word (14 daarvan is Kimberley-sake);

17.2 Ntswane moet klaarblyklik die hoofverdagte wees en moet die polisie hom opspoor, aangesien hy 'n vals adres verskaf het;

17.3 Die oorspronklike enjin – en onderstelnommers van die voertuig is verwyder en bemoeilik en vertraag dit ongetwyfeld die ondersoek.

18. Mnr. Schreuder steun op die beslissings in ***Choonara v Minister of Law & Order*** 1992(1) SASV 239(W) en die ***Datnis*** – saak (*supra*), vir sy submissies oor die tydsverloop soos hierbo uiteengesit. In Choonara se saak is, heeltemal tereg, beslis dat elke saak op sy eie meriete beslis moet word ( te 247F). In dié verband kan ook verwys word na: ***Ntoyakhe v Minister of Safety & Security & others*** 1999(2) SASV 349 (OK) te 355 i-j waar Erasmus R hom as volg uitlaat:-

> *"Considerations of fairness and reasonableness which underlie our criminal justice system, dictate that the criminal proceedings contemplated in section 31 shall be instituted within a reasonable time. What constitutes a reasonable period will of course depend on the facts of each case."*

Ek meen nie dat die ondersoek hierin onredelik lank duur nie.

Verder moet natuurlik in gedagte gehou word dat die tydsverloop bepaal moet word met verwysing na die datum waarop die aksie ingestel is deur die Respondent, d.w.s. 24 April 1998;

Sien: ***Director of Hospital Services v Mistry*** 1979(1) SA 626(A) te 636;

***Ntoyakhe*** *(supra)* te 356 b en ook te 357b.

19. Die ***Datnis***-beslissing *(supra)* waarop mnr. Schreuder ook steun, is onderskeidbaar op die feite van die onderhawige geval, aangesien in daardie saak (anders as hier) die vervolgingsgesag alreeds geweier het om 'n vervolging in te stel en, veral van belang, daar nooit in daardie saak (soos hier wel gebeur het) vasgestel is of die enjin- en onderstel nommers wat op die voertuie se registrasiedokumente verskyn vals of eg was nie. Soos mnr. Erasmus, wat vir die Respondent voor ons verskyn, tereg aanvoer ondersteun daardie beslissing eerder die Respondent se saak, aangesien die Appélhof by monde van Van Heerden AR as volg beslis:

> *'Dit volg dus dat indien met 'n voertuig se nommers gepeuter is, soos met die Datsun 1800 en Datsun 1400 gebeur het, en valse nommers op Nkomo en mej. Brown se registrasiedokumente voorgekom het, die afleiding dat die voertuie gesteel is en gesteel gebly het feitlik*

*onafwendbaar is"*

(te 936 I-937A).

20. Ook die beslissing van ***Erasmus en 'n ander v Minister van Wet en Orde*** 1991(1) SA 453 (OPA) waarop mnr. Schreuder steun is onderskeidbaar op die feite. In daardie saak was die Eisers regmatige besitters uit hoofde van 'n *ius retentionis* vir noodsaaklike verbeterings aangebring aan die voertuie waarop beslag gelê is deur die polisie – hulle is dus geregtig op teruggawe van die voertuie alhoewel dit bekend mag wees dat dit gesteelde voertuie is.

21. Mnr. Schreuder het kritiek uitgespreek teen beide die getuies Botes en Verster se getuienis, veral t.o.v. die wyse waarop hulle die strafsaak ondersoek het. Sodanige kritiek hou, myns insiens, nie rekening met die logistieke probleme wat ondervind is nie en verloor ook buite die oog die feit dat veral Botes afleidings gemaak het aangaande die verloop van die vroeëre gebeure rondom Ntswane en die voertuie, afleidings wat myns insiens heeltemal geregverdigd is op die feite.

22. Wat van belang is, is nie deur wie, wanneer of waar die voertuig gesteel is nie, maar wel of daar redelike gronde bestaan dat die voertuig 'n gesteelde voertuig is. Ek is van mening dat die getuienis voor die landdros op die

waarskylikhede oorweldigend bewys het dat:

22.1 die voertuig ‘n gesteelde voertuig is en dat die Respondent dit nie wettiglik kan besit nie; en

22.2 die voertuig in alle waarskynlikheid uiteindelik aan die wettige eienaar teruggegee sal moet word of aan die Staat verbeurd verklaar sal moet word as die wettige eienaar nie gevind kan word nie.

23. Dit volg dus dat die landdros korrek was in sy bevinding dat die aanvanklike beslaglegging en volgehoue beslaglegging op die voertuig deur die polisie regmatig was en is.

**Ek sou derhalwe die appél afwys met koste.**

S.A. MAJIEDT

REGTER

**Ek stem saam. Die appél word afgewys met koste.**

J.C. VAN DER WALT

REGTER